

Subject **RE: GT 17-16**
From Evelyn Strydom <evelyn@bonsmara.co.za>
To 'nina' <nina@studbook.co.za>
Date 2020-08-04 17:47



Hi Nina
Hierdie is regtig 'n probleem.
Die telers toets dikwels teen totaal onbetrokke bulle en dan is die regte vaar nie beskikbaar of wat ookal. Is daar geen manier wat ons 'n Dekking vir die regte bul kan aanbring en die bul dan as pa laai?
Sal seker weer die saak met Dina moet log sodat sy kan regstel?
Of moet ons by Herman navraag doen?
Baie dankie vir jou hulp.
Groete
Evelyn

-----Original Message-----

From: nina [mailto:nina@studbook.co.za]
Sent: Friday, 31 July 2020 19:40
To: Evelyn Strydom <evelyn@bonsmara.co.za>
Subject: Re: GT 17-16

Evelyn

Jammer ek moes seker vir jou gesê het dat die kalf nou pen/pes is met dna verslag wat gelaai is 21/7/2017 en 17/09/2019 beide "no sire match".
Ek weet nou nie hoe ons die PEN/PES gaan regstel sonder DNA wat wel die vaar bevestig nie. Ek kan die vaar verander op die dier maar die DNA "no sire match" gaan steeds die dier PEN/PeS wys.

Groete

On , Evelyn Strydom wrote:

Hi Nina
Dankie vir die epos, bring die verandering van die pa aan soos deur
teler versoek.
Groete

-----Original Message-----

From: nina [mailto:nina@studbook.co.za]
Sent: Thursday, 30 July 2020 13:18
To: evelyn@bonsmara.co.za
Subject: Fwd: GT 17-16

Evelyn

Ek wil net dat jy vir my bevestig dat die onderstaande dier slegs deur
DNA verander kan word. Ek wil nou nie vir die teler iets sê wat ek nie
moet nie.

Vriendelike groete

----- Original Message -----

Subject: GT 17-16
Date:
From: Jacques Pienaar <jacques.pienaar@webmail.co.za>

To: nina@studbook.co.za

Nina,

Ek het met Mariette Visser van Badenveen Bonsmaras gepraat oor die vaderskap van GT 17-16. Die vers se ma is op die nasionale veiling. Haar ma het eers by HOT 14-15 geloop en toe later by die ander twee bulle.

hulle vaderskap is nie in die tydlyn wanneer GT 17-16 gebore is nie, dus is HOT 14-15 haar vader. Julle kan dit met Mariette bevestig indien so verkies.

Groete